

18

DIE VAL VAN JERIGO

As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders moet weet God is getrou en kom sy beloftes aan sy kinders na.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet –

- God gebruik mense om sy volk te lei.
- God is getrou en gee uitkoms, selfs op buitengewone maniere.
- omdat God by ons is, kan ons gelowig die toekoms ingaan.
- God is in beheer van ons lewe.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bly wees oor God se beloftes.
- dankbaar wees oor God se teenwoordigheid.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die verhaal van Jerigo kan oorvertel.
- vir iemand gaan sê wat dit vir hulle beteken om God te vertrou.

MEER INLIGTING (Josua 6; Romeine 8: 31-39)

Ons het in vorige lesse gesien hoe God sy volk uit Egipte uitlei en verlos. Daarna trek hulle vir 40 jaar saam met God deur die woestyn. Omdat God by hulle is, bly hulle behoue, want saam met God oorwin hulle hulle vyande en oorkom hulle struikelblokke soos hongersnood en moedswilligheid. Hulle trek deur die woestyn met een doel voor oë: om die beloofde land in te gaan.

God het aan hulle voorvaders 'n land belowe wat sou oorloop van melk en heuning. Na 40 jaar staan Moses en die volk van die Here op die *voorstoepe* van die beloofde land. Op die baie hoë Neboberg het God vir Moses die pragtige land gewys. Dit het soos 'n prentjie voor Moses se oë gelê. Moses het gesterf in die teenwoordigheid van God op die berg, en God self het hom begrawe.

Die volk moes nou 'n nuwe leier kry. Josua word aangewys om in Moses se voetspore te volg. Josua sou voortaan die volk se leier wees.

Soos Josua 'n vorige keer saam met Kaleb en tien ander spioene hierdie land gaan verken het, stuur Josua nou twee spioene uit na Jerigo. Hulle beland by Ragab. Sy laat hulle wegkruip op haar huis se dak. Hierdie twee spioene belowe haar plegtig dat hulle haar en haar gesin se lewens sal spaar as hulle die stad inneem. Dit was hulle manier van dankie sê omdat sy hulle lewens gered het.

Toe hulle die land ingaan, het God vir Josua opdrag gegee dat die verbondsark voor sy volk moet uitgaan. Dit is deur die priesters gedra. Hulle moes deur die Jordaanrivier trek om die beloofde land binne te gaan. Toe die voete van die priesters wat die ark gedra het die water van die Jordaan raak, het die rivier ophou vloei en opgedam, sodat die hele volk op droë grond deur die rivier getrek het. Hierna gaan slaan hulle kamp op in die skaduwees van die mure van Jerigo.

Jerigo was 'n groot en sterk stad van die vyand, en hulle sou dit moes inneem. Maar daar was 'n probleem: Israel het gekom om die land Kanaän in besit te neem, maar die mense wat daar bly, sou dit mos nie sommer net so vir Israel gee nie. Die Kanaäniete sou baklei vir wat aan hulle behoort. Daar was ook reuse in die land, en die stede was sterk en toegebou met hoë mure. Jerigo was van hierdie stede die grootste en die sterkste stad om in te neem.

Josua gaan alleen vooruit om te bid en te vra vir God se leiding. Toe Josua opkyk, staan daar 'n man met 'n swaard voor hom. Hierdie vreemdeling stel homself voor as die aanvoerder van die leër van die Here. Met sy ontblote swaard in die hand, gee hierdie man vir Josua opdrag om sy sandale uit te trek, want hy staan op heilige grond.

Die ontmoeting tussen Josua en hierdie vreemdeling was aangrypend. Josua het in eerbied gebuig en vir die man gevra: *Wat wil u aan my sê? Wat is die Here se boodskap?*

Die boodskap was: Die tyd van wag is verby. Ons gaan optrek teen Jerigo. God se weermag is slag gereed. Josua en Israel sou nie alleen op die oorlogsveld stap nie.

Watter boodskap van God aan Josua! Ek gaan oorlog toe saam met jou. Julle hoef nie hierdie land op julle eie in te neem nie. Om hierdie feit te bevestig, gee God vir Josua 'n unieke aanvalsplan. Hierdie eienaardige aanvalsplan sou bewys dat die inname van Jerigo net gedoen kan word met die krag en die mag van God.

Al die gewapende manne het voor geloop, agter hulle het sewe priesters met ramshorings en die ark gevolg, en dan die agterhoede. Hulle moes een keer elke dag om die stad Jerigo trek. Dit moes hulle vir ses dae doen. Op die sewende dag moes hulle sewe keer om die stad trek. Sodra hulle die sewende rondte voltooi het, moes die priesters op die ramshorings blaas. Die

hele volk moes hard skree, en die mure van die stad sou inmekaarval sonder dat 'n swaard gelig is of 'n vinger verroer is. As Israel Jerigo inneem, moet hulle die stad tot op die grond verbrand.

Die vrou Ragab en haar gesin is gespaar. Die teken was 'n rooi tou wat uit haar huis se venster gehang het. Dit was die enigste deel van die stad wat nie verwoes is nie. Die Here het vir hierdie vrou 'n nuwe lewe gegee. Sy het die keuse gemaak om die Here te volg en die Here te dien.

Dit laat ons dink aan een van die gedeeltes in die Nuwe Testament wat ons vandag nog bemoedig. Romeine 8: 31-32 sê: *God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?*

In opdrag van God is die mure van Jerigo nooit weer herbou nie. 'n Nuwe Jerigo is daar naby gebou, maar die ou Jerigo lê in puin. Hoekom? God wil die ou stad gebruik om die verhaal te vertel van sy mag en sy getrouheid aan sy mense. As God vir Josua beskerm het, kan Hy ons ook beskerm. As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees? Dit is 'n wonderlike wete: God is vir ons!

Hierdie verhaal leer ons dat ons God kan glo. As God iets belowe, dan doen Hy dit. Al het dit 40 jaar geneem om by die beloofde land uit te kom, het dit gebeur. Hoeveel beloftes het God nie al aan ons gemaak wat waar geword het nie? Die Bybel is vol van God se beloftes. Op sy tyd laat Hy hulle waar word.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Prente van 'n ramshoring en die verbondsark.

KOM ONS BEGIN

Laat die kinders vertel hoe hulle die afgelope week God se nabyheid beleef het. Open met gebed en dank God dat Hy altyd by ons is.

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of die kinders die tien gebooe op die twee kliptafels wat hulle geteken het, neergeskryf het.
- Laat hulle lees wat hulle oor God se nabyheid geskryf het.
- Kontroleer of die kinders die tien gebooe of die opsomming van die tien gebooe geleer het.
 - o 1ste: Jy mag nie ander gode hê nie.
 - o 2de: Jy mag nie 'n beeld of enige afbeelding maak nie. Jy mag hulle nie aanbid nie.

- o 3de: Jy mag nie die Naam van die Here misbruik nie.
- o 4de: Jy moet die Sabbatdag heilig hou.
- o 5de: Eer jou vader en jou moeder.
- o 6de: Jy mag nie moord pleeg nie.
- o 7de: Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
- o 8ste: Jy mag nie steel nie.
- o 9de: Jy mag nie valse getuienis teen 'n ander gee nie.
- o 10de: Jy mag nie iets van iemand anders begeer nie.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Julle onthou nog dat die Here vir Abraham belowe het dat hy geseënd sal wees en 'n groot nageslag sal hê? Die Here het by sy beloftes gebly. Al het Abraham se nageslag baie swaar gekry toe hulle slawe in Egipte was, het die Here vir Moses gestuur om hulle deur baie wonderwerke uit Egipte uit te lei. God het vir Moses gebruik om hulle deur die woestyn, weer deur baie wonderwerke, te lei tot by die beloofde land. Nadat Moses dood is, het die Here vir Josua gekies as nuwe leier van die Israeliete.

IETS INTERESSANT

Gebruik die inhoud van MEER INLIGTING en vertel hoe Jerigo uiteindelik ingeneem is.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- God red sy volk uit Egipte met een doel voor oë: om die beloofde land in te gaan.
- Moses het gesterf en Josua word as nuwe leier aangewys.
- Die eerste stad wat hulle gaan inval, is Jerigo.
- Josua stuur twee spioene uit na Jerigo.
- Ragab laat hulle wegkruip.
- Hulle belowe dat hulle haar en haar gesin se lewens sal spaar.
- Josua trek die beloofde land binne: die verbondsark voor, deur die priesters gedra.
- Toe die voete van die priesters die water van die Jordaan raak, het die rivier ophou vloei.
- Hulle trek deur.
- Nou was hulle in die beloofde land.
- Hulle het Jerigo eerste soos volg verower met die hulp van die Here:
 - o Al die gewapende manne het voor geloop, agter hulle het sewe priesters met ramshorings en die ark gevolg, en dan die agterhoede.
 - o Hulle moes een keer elke dag om die stad Jerigo trek. Dit moes hulle vir ses dae doen.
 - o Op die sewende dag moes hulle sewe keer om die stad trek. Sodra hulle die sewende rondte voltooi het, moes die priesters op die ramshorings blaas. Die hele volk moes hard skree.
 - o Die mure van die stad het inmekaargeval.
 - o Ragab en haar gesin is gespaar – die teken was 'n rooi tou.

Dit laat ons dink aan Romeine 8: 31-32: *God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?*
Dit is wonderlik om te weet: God beskerm ons!

IETS OM TE DOEN

Lees Josua 6: 1-5 aan die kinders voor. Laat die kinders in hulle eie woorde neerskryf hoe die volk die stad moes inneem.

- Vra een of twee van die kinders om te lees wat hulle geskryf het en help hulle met die regte feite.

(Die manne met die wapens moes een maal om die stad loop, vir ses dae lank. Sewe priesters moes elkeen 'n ramshoring voor die ark uitdra. Die sewende dag moes hulle sewe maal om die stad loop. Die priesters moes dan op die ramshorings blaas. Die manskappe moes dan die aanvalskreet uitskree as hulle dit hoor. Die mure sou dan inmekaarstort en die manskappe sou die stad inneem. Alles moes verbrand word.)

BY DIE HUIS

Laat hulle by HET HULLE ONTHOU by Les 19 –

- Romeine 8: 31-32 gaan voltooi en memoriseer.
- by die dominee of elders gaan uitvind wat *die getuienes van die verbond* is (Eksodus 25: 16).
- die vrae en antwoorde gaan leer.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 492: 2 as gebed.

*Heer, U bring vreugde, vrede en vreugde,
ons is nou geen sondaars meer.
Ons is oorwinnaars, meer as oorwinnaars,
deur die liefde van ons Heer.
Niks laat ons bewe, geen dood of lewe,
engele, kragte, of vreemde magte –
ons is oorwinnaars. Halleluja!
Niks wat ons ly nie,
niks kan ons skei nie –
skei van U, Here. Ons sing U ere.
U is ons vreugde. Halleluja! Amen.*

Belangrike nota vir die kategeet: Reël met al die ouers om met Les 19 saam te kom klas toe.